higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN780**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

4 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL WAT DIE INSTRUKSIES INSLUIT, MOET AAN DIE KANDIDATE GEGEE WORD 30 MINUTE VOOR DIE EKSAMEN BEGIN.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat daar met die vraestel begin word. Toesighouers sal verduidelik indien nodig.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Teksverwerking (100 punte)
   AFDELING B: Sigblad (100 punte)

2. AFDELING A word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram gedoen. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

3. AFDELING B word met behulp van 'n sigbladprogram gedoen. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur.

6. In geval van 'n kragonderbreking of indien 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidate om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.

7. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld dit druk nie 'n ê nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

8. Kandidate word toegelaat om 'n tikliniaal, 'n woordeboek en die ASCII-kodelys te gebruik. 'n Speltoetser mag gebruik word.

9. Elke antwoord moet op 'n aparte bladsy en slegs aan EEN KANT van die papier gedruk word. DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

10. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

Kopiereg voorbehou

11. Aan die einde van die eksamensessie moet ALLE DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in die EKSAMENOMSLAG geplaas word in dieselfde volgorde as dié vrae in dié VRAESTEL. ALLE ander DRUKSTUKKE, saam met die EKSAMENOMSLAG, moet aan die toesighouer gegee word. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie geplaas word nie. DRUKSTUKKE wat nie nagesien moet word nie moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer ingeneem en aan die einde van die dag vernietig word.

12. Alle werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk te voorkom in geval van 'n kragonderbreking. GEEN addisionele tyd MAG toegelaat word vir werk wat verloor is nie. Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om antwoorde teen uitwissing te beskerm.

13. In AFDELING A mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING B mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In beide afdelings moet kantruimtes van 1"/2.54 cm gebruik word tensy 'n ander instruksie gegee word.

14. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN antwoorde sonder EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

15. Om die oorspronklike asook die geredigeerde antwoorde te kan druk, word kandidate daaraan herinner om na elke afdeling die werk te stoor voordat dit gedruk word.

16. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidate die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n disket met die antwoorde (duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die omslag gemerk) ingee. Indien die kandidaat se antwoorde op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) 'n rugsteunkopie maak van die antwoorde. (Hierdie diskette moet aan die eksamenafdeling oorhandig word vir veilige bewaring vir ten minste SES maande ingeval die eksaminator/moderator en onderwysvakspesialiste enige navrae het.)

17. Let asseblief daarop dat GEEN vraestel uit die eksamenlokaal geneem mag word voor minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie. ALLE vraestelle moet gevolglik ingegee word en kan na afloop van die eksamen aan kandidate teruggegee word.

18. In geval 'n vraestel in meer as een sessie afgelê word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerke verwyder is voordat die kandidate van die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

19. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket vir 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om toegang tot ander kandidate se inligting te verkry of om inligting op enige manier na ander kandidate oor te dra is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

MOET NIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER JOU OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

Gebruik 'n woordverwerkingsprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

VRAAG 1

Hierdie vraag is reeds ingesleutel en gestoor op jou datadisket/hardeskyf. Moet NIE hierdie dokument insleutel of druk nie.

VRAAG 1B

1. Herwin die dokument V1A van die datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif (*header*) na V1B regs en voeg jou eksamennommer links in die kopskrif in.

3. Voeg die paragraaf in soos aangedui.

4. Justeer die hele dokument, behalwe waar anders aangedui.

5. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens soos in die teks aangedui.

6. Stoor die dokument as V1B.

7. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

vetdruk b/k sentreer

Tafelberg – Landmerk van die Kaap

kursief, onderstreep

Tafelberg is 'n plat berg en 'n baie prominente landmerk wat 'n uitsig bied oor Kaapstad in Suid-Afrika. Dit lok menige toeriste, met baie besoekers wat die kabelspoor of voetpaaie na bo neem. Die berg vorm deel van die Tafelberg Nasionale Park. Die mees uitstaande kenmerk van Tafelberg is die gelyk plato wat oor ongeveer 3 kilometer van die een na die ander kant strek en begrens word deur indrukwekkende kranse. Die plato, met Duiwelspiek aan die oostekant en Leeukop aan die westekant, verleen 'n baie dramatiese agtergrond vir Kaapstad. Hierdie wye bergagtige hoogte, saam met Seinheuwel, vorm die natuurlike amfiteater waarvoor Tafelbaaihawe so bekend geword het.

NP

voluit

bladsybreuk

Verander die linker- en regterkantruimte van slegs hierdie paragraaf na 5 cm/2".

Die plat bokant van die berg word dikwels met wolke bedek, wat gevorm word wanneer 'n suidwestelike wind teen die berghange in die koeler lug inwaai, waar die vog dan kondenseer om die sogenaamde "tafeldoek" te vorm. Volgens legende kan hierdie verskynsel toegeskryf word aan die rookkompetisie tussen die Duiwel en Van Hunks, 'n plaaslike seerower.

onderstreep

Tafelberg lê aan die noordelike punt van 'n sandsteenbergreeks wat die ruggraat van die Skiereiland Kaapse vorm. Aan die suidekant van die hoofplato lê daar 'n laer gedeelte van die bergreeks wat die Agterste Tafel genoem word. Die reeks wat grens aan die Atlantiese kus van die skiereiland staan bekend as die Twaalf Apostels. Hierdie reeks strek suidwaarts tot by Kaappunt.
~~noordwaarts~~

trs

1.5 reëls

stet

In November 2011 is Tafelberg benoem as een van die nuwe sewe wonders van die wêreld.

vetdruk kursief sentreer

[29]

VRAAG 2

Skep die dokument hier onder.

VRAAG 2A

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V2A in hoofletters regsbelyn in as kopskrif (*header*).

3. Stoor die dokument as V2A.

4. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Dis nie elke dag dat die kabelspoor deur 'n wêreldbekende atleet genader word om deel te vorm van sy poging om die wêreldrekord oor vyf kontinente te verbeter nie. Toe Jamie Marais ons dus gevra het om die eerste been van sy Four Giants Challenge te akkommodeer, het ons natuurlik ingestem.

In die Four Giants Challenge sal Jamie, Tafelberg uitklim, die Du Toitskloofpas 10 keer uitry per fiets, die Tanganyika-meer met 'n bootjie oorsteek en laastens, berg Kilimanjaro op en af uitklim, in 10 ure.

Jamie sal 24 keer teen ons Natuurlike Wonder uitklim op 24 en 25 Augustus, as die weer saamspeel en ons is trots om deel van sy reis te vorm.

(10)

VRAAG 2B

1. Herwin die dokument V2A van jou datadisket/hardeskyf.
2. Verander die vraagnommer na V2B in die kopskrif (*header*).
3. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens wat in die teks aangedui is.
4. Voeg die teks in soos aangedui.
5. Voeg kolpunte (*bullets*) in soos aangedui.
6. Stoor die dokument as V2B.
7. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

---

linkerkantruimte 3.75 cm/1.5"

b/k kursief regsbelyn

Wêreldbekende atleet klim Tafelberg 24 agtereenvolgende keer vir liefdadigheid

Dis nie elke dag dat die kabelspoor deur 'n wêreldbekende atleet genader word om deel te vorm van sy poging om die wêreldrekord oor vyf kontinente te verbeter nie. Toe Jamie Marais ons dus gevra het om die eerste been van sy Four Giants Challenge te akkommodeer, het ons natuurlik ingestem.

nuwe reëls skrap , en teks b/k

In die Four Giants Challenge sal Jamie, Tafelberg uitklim, die Du Toitskloofpas 10 keer uitry per fiets, die Tanganyika-meer met 'n bootjie oorsteek ~~en laastens,~~ berg Kilimanjaro op en af uitklim~~, in 10 ure.~~

voeg kolpunte in met 2 letterspasies vir 4 uitdagings

Jamie sal 24 keer teen ons Natuurlike Wonder uitklim op 24 en 25 Augustus, as die weer saamspeel en ons is trots om deel van sy reis te vorm.

vetdruk sentreer

Jamie is gevra waarom dit vir hom so belangrik was om Tafelberg by sy uitdagings in te sluit?

'Ek wou hê elke reuse uitdaging moes teen 'n pragtige agtergrond plaasvind. Noudat Tafelberg as een van die Sewe Natuurlike Wonders van die Wêreld bekroon is, kon ek nie aan 'n mooier, meer uitdagende en ikoniese reus dink om te trotseer nie.'

onderstreep

(25)
[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V3 in hoofletters regsbelyn in as 'n kopskrif (*header*).

3. Formateer al die genommerde paragrawe en opskrifte soos aangedui in paragraaf 1.

4. Stoor die dokument as V3.

5. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Tafelberg

'n Gids tot die Tafelbergkabelspoor

Wat om te doen wanneer jy hierdie bekende landmerk besoek

Die kabelspoor op Tafelberg het iets vir elkeen en dis waarom die landmerk al deur meer as 25 miljoen mense besoek is sedert die opening, wat in 1929 was. Maak die meeste van jou besoek met ons lysie van dinge om te doen:

1. RY 'N KABELKAR

Onderneem die vyfminuut rit per kabelkar na die bopunt van Tafelberg, 1 089 meter bo Kaapstad en verken die kruin.

2. BEVREDIG JOU APTYT

Ons selfbedieningsrestaurant, Table Mountain Café, bied 'n verskeidenheid kos en drankies, snoepgoed, nagereg en wyn.

3. KOOP 'N AANDENKING

Daar is 'n verskeidenheid geskenke te kies en te keur by die Shop at the Top. Koop iets spesiaals om jou te herinner aan jou besoek op die hoogste punt in Kaapstad.

vetdruk b/k onderstreep sentreer

NP

sentreer kursief

vetdruk kursief

onderstreep

4.╫ VAT DIE VOETSLAANPAD
Trotseer een van die drie voetpaaie wat by die onderste kabelspoorstasie begin en verken die bergspits verder.

Tafelberg is deel van 'n Wêrelderfenisgebied, 'n belangrike deel van die Kaapse Floristiese gebied en die gebied wat die rykste aan flora in die wêreld is.

sentreer d/r

╪
***Kopieer die eerste reël van die hoofopskrif van die dokument hier**

LET WEL:
Formateer al die genommerde paragrawe dieselfde as paragraafno. 1 (RY 'N KABELKAR)

[36]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B: SIGBLAD

Gebruik 'n sigbladprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

VRAAG 4

VRAAG 4A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V4A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Verstel die kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik nie.

4. Stoor die sigblad as V4A.

5. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

---

kassier	verkoop-	kommissie
D Berry	1234.56	2%
J Mofoka	2345.67	3%
T Maimane	3456.78	4%
Z Solomon	4567.89	7%
P Makweta	5678.91	8%
M Baloyi	6789.12	9%

(8)

VRAAG 4B

1. Herwin die sigblad V4A van jou datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer na V4B in die kopskrif.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Voeg formules in vir die volgende:

   A Verkoopsyfers * Kommissie Persentasie

   B Som van Ure Gewerk

   C Som van Verkoopsyfers

   D Som van Kommissie Verdien

5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui en gebruik die metode waarmee jy bekend is.

6. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V4B.

8. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

---

kol C

Shop at the top

ǂ

Verkoopskommissie vir die maand Februarie

ǂ voeg kolom in voeg kolom in

b/k vetdruk

kassier naam	ure gewerk	verkoop-syfers	kommissie persentasie	kommissie verdien
D Berry	50	1234.56	2%	*A*
J Mofoka	70	2345.67	3%	
T Maimane	75	3456.78	4%	
Z Solomon	85	4567.89	7%	
P Makweta	100	5678.91	8%	
M Baloyi	110	6789.12	9%	
TOTALE URE GEWERK				*B*
TOTALE VERKOPE				*C*
TOTALE KOMMISSIE				*D*

b/k regsbelyn

kursief

(24)
[32]

VRAAG 5

VRAAG 5A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V5A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Verstel die kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE van die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik maak nie.

4. Stoor die sigblad as V5A.

5. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

BESOEKER NAAM	HOEV. KAARTJIES	TARIEF PER PERSOON
K Motolo	4	120
B Branders	2	130
P Siyanga	5	115
M Smith	3	125
V Manzana	6	110
H Nyaku	1	145

(8)

VRAAG 5B

1. Herwin die sigblad V5A van jou datadisket/hardeskyf.
2. Verander die vraagnommer na V5B in die kopskrif.
3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.
4. Voeg formules in vir die volgende:
   - A Hoeveelheid Kaartjies * Tarief per Persoon
   - B Bedrag Verskuldig * 10%
   - C Bedrag Verskuldig – Afslag
   - D Som van Totale Bedrag Verskuldig
5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui en gebruik die metode waarmee jy bekend is.
6. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas. Moet NIE die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik nie.
7. Stoor die sigblad as V5B.
8. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Tafelberg Kabelspoor ← *b/k vetdruk*

≠

Kaartjieverkope ← *vetdruk*

Datum: 14 Februarie

voeg kolomme en teks in

≠ *voluit, skrap .*

BESOEKER NAAM *oop reël*	HOEV. KAARTJIES	TARIEF PER PERSOON	BEDRAG VERSKULDIG R	AFSLAG 10% R	TOTALE BEDRAG VERSKULDIG R
K Motolo	4	120			
B Branders	2	130			
P Siyanga	5	115			
M Smith	3	125			
~~V Manzana~~	~~6~~	~~110~~			
H Nyaku	1	145			
TOTALE BEDRAG VERSKULDIG					

A *B* *C* *D*

kursief sentreer

vetdruk

(28)
[36]

VRAAG 6

VRAAG 6A

1. Sleutel die sigblad in soos op die volgende bladsy aangedui.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V6A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Voeg formules in vir die volgende:

   A Balans (van die 1ste) – Betaling (gedoen op die 5de)

   B Balans verkry in berekening ***A*** + Diensfooibedrag

   C Balans (Bedrag op die 27ste) – Betaling (van die 28ste)

4. Voeg horisontale lyne in soos aangedui en gebruik die metode waarmee jy bekend is.

5. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas. Moet NIE die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik nie.

6. Stoor die sigblad as V6A.

7. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

kol C MABULA MACHINE MAINTENANCE (b/k vetdruk)

kol B REKENING VIR TAFELBERG KABELSPOOR VIR FEBRUARIE (b/k vetdruk)

rekening: 151510 (b/k vetdruk)

datum: 28 Februarie 2017 (b/k vetdruk)

DATUM	VERWYSINGS-NOMMER	DIENS VERSKAF	DEBIET	KREDIET	BEDRAG
1	100	Balans			8778.55
5	101	Betaling		6000.01	A
6	111	Diensfooi	5678.11		B
10	111	Diensfooi	5678.11		
27	121	Rente	456.78		
28	101	Betaling		6000.01	

(vetdruk kursief)

Betaaldatum: 5de (vetdruk; links-belyn) BALANS VERSKULDIG C (vetdruk)

Rentekoers: 9%

Afslag Vir Vroeë Vereffening: 8%

(27)

VRAAG 6B

1. Herwin die sigblad V6A van jou datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V6B.

3. Vertoon die formules.

4. Verstel kolomwydte waar nodig om die hele formule te vertoon en sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas. Moet NIE die pas-op-een-bladsy-opsie gebruik nie.

5. Stoor die sigblad as V6B.

6. Druk die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

(5)
[32]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou